DIE VOLKSBLAD, MAANDAG 28 Junie 1999

Dié kerkboek ook vir 'gewone' leser

Kombinasie van outobiografie en kommentaar in vloeiende trant

SELFS DIE KERK KAN VERANDER. Deur Willie Jonker. Tafelberg. Prys R69,95.

DIT is betekenisvol dat "selfs" in die titel van die boek van prof. Willie Jonker voorkom, omdat die kerk 'n logge liggaam is wat in die oë van sommige mense staan vir standvastigheid en koersvastheid, en in die oë van ander juis daarom 'n remlig pleks van 'n koplig is.



PROF. WILLIE JONKER

Die boek is 'n rare kombinasie van outobiografie en kommentaar - 'n verslag van persoonlike deelname in die hervormingsproses van die NG Kerk en besinning oor die gereformeerde weg van die kerk in 'n tyd toe apartheidsideologie die koers van politiek en kerk bepaal het.

Toe die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland in 1995 sy waardering teenoor Jonker as een van die prominente hervormende figure in sy resente geskiedenis uitgespreek het, het een van die eerlikste en mees opregte geeste in die NG Kerk se geskiedenis die erkenning gekry wat in skrille kontras staan met jare van pyn en verwerping deur die einste kerk. Jonker is verwerp en geostraseer weens sy kritiek teen die NG Kerk se beleid van afsonderlike (rasse) kerke vir die groter NG Kerk-familie en teen die kerk se dwaling om apartheidsentimente so sterk te onderskryf dat die kerk volkskerk geword het.

Sy verbintenis met Beyers Naudé, sy aandeel in die beraad van Cottesloe en sy kritiese houding teenoor die Broederbond het sy situasie natuurlik nie verbeter nie!

Die blik is deurgaans persoonlik, ondersoekend en selfs pynlik - by tye selfs met kritiese felheid wat ek as 'n verrassing ervaar. Dis nie maar net 'n hoofstuk oor die kerk se moeilike sleeptou na verandering nie, maar die voltooiing van die dagboek van Jonker. Dis ook 'n soeke na die erkenning wat hy verdien en wat al die jare jammerlik deur kerk en vriend misken is. Dit is egter nooit heroïes of vernaamdoenerig met verwyte van ek-het-julle-mos-gesê nie.

Die innerlike konflik in Jonker kom waarskynlik die beste na vore in en ná die vergadering wat in 1985 deur Johan Heyns in Pretoria gereël is waar verskillende "hervormingsgesinde" NG Kerk-teoloë en leiers uit die ander gemeenskappe saam beraadslaag het oor die verpolitisering van die NG Kerk. Beyers Naudé was ook op die beraad.

Die konflik bestaan vir Jonker enersyds in sy vereenselwiging met die kritiese stem in die NG Kerk teen die absorbering van die Afrikanerpolitiek in die kerklike struktuur sonder om te veel politieke kleur te wys, en andersyds om kerklik aanvaarbaar te bly sonder om die kerklike verknegting aan die Afrikanerpolitiek kritiekloos te aanvaar. In so 'n situasie is dit verstaanbaar dat sy geloofwaardigheid by die konserwatiewe kerklike "establishment" asook die meer linkse (veral swart) politieke bewegings verdag sou wees.

Die keuse wat Jonker uitgeoefen het om binne die kerk op 'n krities reformatoriese wyse te bly werk, het uiteindelik die vrug gedra, maar was in die konfliksituasie te veel gevra van 'n stroewe kerk en 'n opkomende bevrydende swart politiek om teologiese regverdigings te verstaan. Daarom was die linkse politiek nie opgewonde oor sy stem nie en was dit vir hom 'n "pynlike ervaring" (p. 182) toe sy eie kuratoruim van die kweekskool op Stellenbosch hom berispe oor die beraad in Pretoria.

Die boek vertel van die moeisame en pynlike proses waardeur die kerk tot selfinsig gekom het en te breek met die apartheidspolitiek deur dit as sonde te verklaar. Ook om manmoedig in Rustenburg (1990) belydenis te doen en om vergifnis te vra. Máár dit vertel ook die verhaal van verharding in die NG Kerk wat sonder aansien des persoons kan verguis en eerder wegbreek as om skuld te erken.

Dit is ook 'n belydenis van die verskeurdheid van die NG Kerk en die traagheid om die Sinode van 1990 se ideaal van een kerkverband vir die familie wat bymekaar hoort, ernstig op te neem. Die NG Kerk is helaas weer 'n hawe vir mense wat vuisvoos geslaan is deur skuldkomplekse, negatiewe persepsies oor misdaad, allerlei ander euwels en met 'n soeke na rigting en identiteit. Of die kerk daadwerklik reformatories onderweg is om volledig kerk te wees in die jaar 2000 sal alleen 'n positiewe uitslag hê as die stem van Jonker in aksie omgeskakel word.

Die boek is lekker vloeiend geskryf en selfs die mens wat nie graag kerklike boeke lees nie, sal dit beswaarlik kan neersit.

- Prof. Philip Nel van die departement Nabye Oosterse Studies aan die UOVS.